


Info Forum
Nuusbrief van die Potchefstroom Kampusbiblioteke
Vol 12:1 • Junie **2014**

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOMKAMPUS

IN HIERDIE UITGAWE:

Bladsy

1 - Voorwoord
2 - Inleiding
2 - Fondsverkryging vanaf NWU
3 - Fondswerwing gerig tot PPS
4 - Beplanning
5 - Besoeke aan biblioteke
6 - Wenke vanaf ander biblioteke
6 - Opening vierdejaar- en honneursmeent
7 - Opening navorsingsmeent
8 - Kunswerke
9 - Tegnologie

***"Google can bring you back 100,000 answers. A librarian can bring you back the right one."***

***- Neil Gaiman***

# Voorwoord

Geagte Kollegas

U hou in u hand 'n spesiale uitgawe van die InfoForum-nuusbrief wat op die nuwe honneurs- en navorsingsmeent van die Ferdinand Postma Biblioteekdienste fokus. Ek dank graag elkeen van die personeel van die Biblioteek wat baie hard gewerk het en ek wens hulle geluk met die suksesvolle afhandeling van hierdie spesiale projek.

Ons het in 2010 'n nuwe Kampusmissie, naamlik " ... om 'n navorsingsgerigte kampus te word waar uitnemendheid in sowel onderrigleer as navorsing wedersyds versterkend is" bevestig. Ons kan met trots meedeel dat ons baie goed vorder, veral ten opsigte van ons navorsingsgerigtheid. Ons het verskeie strategiese inisiatiewe gevestig, waarvan die finalisering van die honneurs- en navorsingsmeent in die Ferdinand Postma Biblioteek deel is van ons ondersteuningsraamwerk ter versterking van ons Kampusmissie.

Ons navorsingsuitsette het in 2013 betekenisvol gegroei, veral ten opsigte van die impak van ons uitsette. Ek wens ook elke personeellid geluk met die uitsette en bedank almal vir hulle harde werk. Ek weet dat hierdie gespesialiseerde fasiliteit professionele biblioteekondersteuning en soomlose toegang tot inligting lewer. Dit is dus 'n totale ondersteuningsdiens vir ons meesters- en doktorale studente, nadoktorale genote en personeel se navorsingspogings.

Ons het al van ons navorsers terugvoer ontvang en almal is dit eens dat hierdie ruimtes net so professioneel en uitsonderlik is soos dié van top universiteite in die wêreld. Ek glo dat hierdie ruimte sal bydra tot die uitruil van nuwe inisiatiewe en die versterking van elkeen se intellektuele ontwikkeling. Hierdie fasiliteite ondersteun die toegewydheid en onderneming van die FPB om navorsers en personeel te ondersteun om sodoende 'n bydrae te maak tot ons Kampusmissie en die verhoging van navorsingsuitsette by die NWU.

Baie dankie vir die uiters professionele ondersteuning wat die FPB aan al ons akademici en studente lewer – u bereidheid om saam met die res van die kampus se navorsingsgemeenskap tot die bereiking van ons doelwitte saam te werk, is deel van ons suksesse.

Geniet die nuusbrief en die Meent

Navorsingsgroete

Amanda Lourens (Viserektor: Navorsing en Beplanning)

## Inleiding

Die Noordwes-Universiteit streef daarna om gefokusde, hoë gehalte navorsing te lewer. Die daarstel van 'n eksklusiewe navorsings- en honneursmeent in die Ferdinand Postma se Biblioteekgebou is 'n bydrae van die Biblioteekdienste om hierdie doelwit te help verwesenlik. Die toegewyde ruimte bied die geleentheid aan nagraadse studente en navorsers om afgesonderd te kan werk in 'n atmosfeer wat vir navorsing bevorderlik is.

'n Lang proses van verkenning en beplanning het die daarstel van die navorsingsruimte egter voorafgegaan. Vanweë internasionale klem op die inrigting van toegewyde navorsingsruimtes binne akademiese biblioteke, het prof Amanda Lourens (Viserektor: Navorsing en Beplanning) en dr Tom Larney (Direkteur Biblioteekdienste) in 2010 genoop om die inrigting van 'n navorsingsmeent op die Potchefstroomkampus 'n strategiese prioriteit te maak. Geoff de Wet van Kaapstad is as raadgewende argitek genader, op grond van die aanbeveling van betrokkenes oor sy insette by die inrigting van navorsingsruimtes by die Universiteite van Kaapstad en Rhodes, asook sy ervaring met die herinrigting van akademiese biblioteekruimtes. Die eerste formele stap was 'n voorlegging oor biblioteekplanne by die strategiese beplanningsessie van die Uitgebreide Bestuurskomitee op 30 en 31 Mei 2011.




## Fondsverkryging vanaf NWU

Strategiese fondse is in 2011 vir die dienste van 'n ruimtelike argitek toegeken. Sy mandaat was om die bestaande biblioteekruimtes met veranderende behoeftes te versoen asook die opgradering na 'n wêreldklas- en relevante akademiese biblioteek. Mnr. Geoff de Wet, 'n argitek van Kaapstad, is aangestel om moontlike veranderings vir die Ferdinand Postma se biblioteekgebou voor te hou.

Die konsepontwerp is aan die Kampusbestuur voorgehou waarna die direktoraat Fisiese Infrastruktuur en Beplanning 'n oorhoofste skatting van die totale projekkoste gemaak het. Inbegrepe in die skatting was die opgradering van dienste in die 60 jaar oue gebou. Dit het die regstel en aanpassing van meganiese, elektriese en netwerkdienste, asook die installasie van 'n brandalarm en -bestrydingstelsel per vloer ingesluit.

Allerweë is die voorgestelde opgradering van die gebou en die heraanwending van biblioteekspasies goed ontvang. Aan die einde van 2012 het die Kampusbegrotingskomitee die opknapping en verbetering aan die biblioteekgebou in beginsel goedgekeur en werk aan die eerste fase kon begin. Die fondse vir Fase 1 is vir die verskuiwing van die rekenaarlokale uit die kelder en die inrigting van nuwe lokale op die derde vloer van die biblioteek aangewend. Die verhuising van die Ossewa Brandwagmuseum na die Erfenisstigting in Pretoria, die leegmaak en verskuiwing van die onderskeie boekerye na ander lokale, asook die verskuiwing van die waardevolle Africana-versameling moes ook uit hierdie fonds put. Die herinrigting van die kelderverdieping as bergruimte vir ouer gedrukte boekevoorraad, was ook deel van die befondsing wat vir Fase 1 geoormerk was.

Fase 2 bestaan uit die inrigting van die grondvloer om 'n rekenaargesteunde Inligtingsmeent, 'n praktiese rekenaaropleidingsfasiliteit en opgegradeerde ouditorium (Besembos) in te sluit. Spesiale versoeke vir addisionele befondsing was geslaagd – sowat R2,9 miljoen was nog hiervoor nodig – en die projek van R7,9 miljoen kon voortgaan.

Vir die finale Fase 3, moet daar weer spesiaal vir fondse aansoek gedoen word. Fase 3 behels die opgradering van die eerste en tweede vloere, maar dit behoort heelwat minder as Fase 2 te beloop, aangesien die hoofklem op die opgradering van die basiese dienste is. Fondse hiervoor sal eers teen die einde van 2014 of die begin van 2015 toegedeel word.

## Fondswerwing gerig tot PPS

Verteenwoordigers van die Professional Provident Society of South Africa (PPS) het die Biblioteekdienste in 2012 genader met die uitnodiging om 'n fondsvoorlegging op te stel vir die moontlike befondsing van items vir die navorsingsmeent. Daar is kopgekrap en die nodige feite is versamel soos die hoeveelheid studente, nagraadse studente, gedetailleerde benodigdhede met pryse, voordeel vir die maatskappy en voordele vir die Biblioteekdienste.

Die lang wag vir die uitslag van die aansoek – wat saam met die aansoeke van vele ander Suid-Afrikaanse universiteite oorweeg is – is teen die einde van Februarie 2013 beëindig. PPS kon R300 000 van die benodigde R1,1 miljoen voorsien. Die vreugde was egter baie groot en die beplanning vir die beste tegnologiese toerusting vir die navorsers kon begin.

Die amptelike tjekoorhandiging het op 31 Mei 2013 plaasgevind.




*Die Rektor van die Potchefstroomkampus, prof Herman van Schalkwyk en Elsa Esterhuizen, Direkteur Biblioteekdienste, neem die PPS-tjek in ontvangs. Die oorhandiging word gedoen deur Barry Pretorius, PPS Streeksbestuurder. Links van hom staan JC Vorster, Bemarkingsbestuurder Jeugmark van PPS.*

Die volgende items, geoormerk vir ons navorsers, is uit die donasie bekostig:

| | | |
|---|---|---|
| Smartboard + Podium | 25/07/13 | R 21 370,00 |
| 2x Drukkers | 08/11/13 | R 26 170,52 |
| 1 x Skandeerder | 08/11/13 | R 792,00 |
| 28 x Rekenaars | 08/11/13 | R 233 217,32 |
| 1 x LED Skerm 50" | 08/11/13 | R 7 359,56 |
| 1 x Projektor | 08/11/13 | R 4 684,23 |
| **TOTAAL** | | **R293 393,63** |

pps
FOR PROFESSIONALS
SINCE 1941

Die maatskappy is baie tevrede met wat hulle tydens die openingsgeleentheid gesien het en het dit amper dadelik met 'n addisionele skenking van R250 000 opgevolg vir gebruik van die inrigting van die Inligtingsmeent op die grondvloer.

Die Biblioteek is baie dank verskuldig aan ons BEK-kollega wat die leeue-aandeel in die fondswerwing en skakelingsaksie verrig het – Cathy Castagno.



*Leonard Haasbroek (PPS) en Cathy Castagno*

## Beplanning

Die beoogde herbeplanning van die biblioteekruimtes vir die optimale aanwending deur en vir gebruikers, het 'n uiters opwindende en interessante verloop van fases en aktiwiteite meegebring.  Dit is behoorlik soos domino's gerangskik en voor die eerste een nie geval het nie, kon die volgende stap nie gebeur nie.

**Fase 1a:** Navorsings- en Honneursmeent op die derde vloer sou kon materialiseer indien:

**1** die Ossewa-Brandwagmuseum verskuif

**2** k315 se voorraad (Afrikaansversameling) elders geberg kan word

**3** die stoorkamer op die derde vloer leeggemaak kan word

**4** mindergebruikte boekmateriaal gestoor kan word

**Fase 1b:** Kelderverdieping vir stoorruimte voorberei indien:

**1** nuwe huisvesting vir rekenaarlokale verkry kan word

**2** IT-dienste saamstem met die verskuiwing

**3** projekfondse genoegsaam is

**4** rekenaarlokale uit die kelder verwyder word

**5** kelderverdieping voorberei word vir bergingsdoeleindes

**6** afbreek van mure






*Verskuiwing van die Ossewa-Brandwagmuseum*



*Verskuiwing van die 900-boeke na die kelderverdieping*



*Afbreek van mure*

## Besoeke aan biblioteke

Die navorsingsruimtes van Universiteit Kaapstad, Universiteit Stellenbosch en Universiteit Pretoria is daarna besoek.  Al drie hierdie universiteite kon met behulp van Carnegie-skenkings navorsingsruimtes inrig.  Daar is uit hulle kennis en ervaring geput.

Die personeel van hierdie biblioteke was besonder behulpsaam. Waardevolle insette en wenke om in gedagte te hou om 'n sinvolle navorsingsruimte daar te stel, is ontvang.  Alhoewel die uitleg en inkleding by al drie die instellings verskil het, was dit opmerklik dat daar ooreenkomste was ten opsigte van die dienste, geriewe, beskikbare tegnologie en die idee dat dit 'n "eenstop" toegewyde navorsingsomgewing moet wees.

| **Universiteit van Kaapstad** | **Universiteit van Stellenbosch** | **Universiteit van Pretoria** |
|---|---|---|
|  |  |  |
|  |  |  |

## Wenke vanaf die navorsingsmeentpersoneel by US, UP en UK:


- Ruim werkstasies met voldoende kragpunte (2- en 3-puntproppe)
- Voldoende rekenaars, toegerus met navorsingsagtewareprogramme
- Drukkers, skandeerders en fotokopieermasjiene
- Areas vir skootrekenaars
- Duursame ergonomiese rekenaarstoele
- Groepstudieruimtes en seminaarkamers waarvan ten minste een kamer toegerus moet wees met Skype vir kontak met afstandstudieleiers en mondelinge verdediging (*oral defences*)
- ‘n Konferensiekamer waarin hoëprofiel vergaderings en opleidingsessies aangebied kan word en ook na ander kampussse uitgesaai kan word. ‘n Groot wit skerm is bo plasmaskerms aanbeveel.
- Hulp moet beskikbaar wees, hetsy die kundigheid van ‘n vakbibliotekaris, IT-spesialis, of studente-assistente.
- Enkelwerkstasies met privaatheid is nodig
- Navorsingsmetode handboeke asook woordeboeke moet beskikbaar wees
- ‘n Kleurvolle en moderne voorkoms waarin beligting goed is, is noodsaaklik
- Belê in ‘n goeie koffiemasjien (die verskaffing van papierkoppies met deksels is nodig)
- ‘n Waterfontein met gesuiwerde koue water is onontbeerlik
- Liefs nie ‘n mikrogolfoond nie – kosreuke is nie baie bevorderlik vir ‘n akademiese omgewing nie
- Kry die Skryfsentrum, Navorsingskantoor en ander akademiese rolspelers betrokke
- ‘n Ontspan-area met daaglikse koerante in Afrikaans en Engels asook aktuele tydskrifte soos *Time*/*Newsweek* op die koffietafels
- Gebruik plasmaskerms om belangrike info te kommunikeer, byvoorbeeld sessies wat aangebied word
- Koördinering met IT-dienste is noodsaaklik vir deurlopende en tydige ondersteuning

Hierdie wenke is grootliks geïmplementeer en die ruimtes is 28 Maart 2014 geopen.

## Opening 28 Maart 2014: vierdejaar- en honneursmeent

|  |  |  |
|---|---|---|
| **Ontspan-area** | **Ruim werkstasies met voldoende kragpunte** | **Groepstudiekamers** |

## Opening 28 Maart 2014: navorsingsmeent

| | | |
|---|---|---|
|  |  |  |
| **Ontspan-area** | **Ruim werkstasies met voldoende kragpunte** | **Groepstudiekamers** |
|  |  |  |
| **Konferensiekamer met SMART-bord** | **Naslaanwerke** | **Druk- en skandeerfasiliteite** |

## Kunswerke in die navorsingsmeent

Omdat die kunstenaar en beeldhouer Jo Roos so 'n spesiale band met die Universiteit gehad het en 'n besondere borsbeeld, geskep deur die beeldhouer Pierre Volschenk, deur dr Willie van Niekerk aan die Universiteit se kunsversameling geskenk is, was die kunswerke van Jo Roos 'n spontane keuse vir die navorsingsmeent. Die borsbeeld vorm 'n fokuspunt in die ontspanningsruimte van die meent.



Jo Roos is ook die beeldhouer van die bekende Totius-beeld, wat van die vorige staanplek in die Totius-gedenktuin langs die Wasgoedspruit, na die kampus verskuif is en tans voor die ou Hoofgebou staan. Vir talle studente dien hierdie beeld tydens gradedag as agtergrond van hulle graadfoto's. Die beeld van Sol Plaatjes, aan die suidekant van die Joon van Rooy-gebou, is ook deur Jo Roos gedoen. Die Biblioteek het ook enkele jare gelede tydens 'n uitstalling van Jo Roos se werke, saam met die voormalige rektor prof. Annette Combrink, 'n pragtige beeldhouwerk, *Die Mampoerstoker* aangekoop. Die werk is op die skrywer Herman Charles Bosman se verhale geskoei en word teen die agtergrond van 'n afdruk van een van Jo Roos se skilderye van 'n skool in Groot Marico (volgens die keuse van die beeldhouer) uitgestal.

Saam met twee mooi olieverflandskappe uit die kunsversameling van die Noordwes-Universteit, onder andere geskenk deur mev. Dingi Roos, weduwee van die skilder en beeldhouer, vorm die groep kunswerke 'n mooi eenheid en dit gedenk hierdie kunstenaar en vriend van die Universiteit.





## Tegnologie in die navorsingsmeent

Die navorsingsmeet spog met 26 "Alles-in-een"-werkstasies wat aan twee netwerkdrukkers gekoppel is en vooraf met verskeie sagtewarepakkette gelaai is om navorsing te ondersteun. Daar is ook 'n skandeerfasiliteit in die drukkerkamer vir die inskandeer van enkelbladdokumente.

NWUWIFI-toegang is deur die hele ruimte beskikbaar en daar is addisionele kragpunte (2- en 3-puntproppe) by elke oop sitplek om voorsiening te maak vir die laai van toestelle. Skootrekenaargebruikers kan vir 'n ekstra monitor by die assistente se kantoor vra indien nodig.

Die konferensielokaal is met 'n SMART-interaktiewe *pen podium* toegerus waarop voorleggings op 'n dinamiese manier aangebied en vertoon kan word deur middel van die meegaande projektor. Daar is 'n kamera en mikrofoon op die spreker gerig, sodat voorleggings deur Skype of Adobe Connect uitgesaai kan word.

Addisionele sagteware op die werkstasies sluit in:

- Atlas.ti
- SPSS
- SAS
- Statistica
- EndNote en Write-N-Cite



Aan die rekenaar is ook 'n dokumentkamera gekoppel indien papier of ander fisiese voorwerpe deur die spreker vir die gerief van die vergadering vergroot moet word. Die Skype-lokaal (bespreek dit hier) is met 'n kamera en mikrofoon toegerus wat alle deelnemers aan die vergadering dek. Ander web-konferensietoepassings kan ook in die lokaal gebruik word – gebruikers moet hulle eie gebruikersnaam en wagwoorde vir hierdie fasiliteit gebruik.

Werkstasies en sommige ander toerusting in die navorsingsmeent is aangekoop met behulp van die finansiële steun van PPS. Om aan hulle erkenning te gee, het die Biblioteek 'n spesiale "PPS"-agtergrond op die werkstasies gelaai.

### Toegangsbeheer

Die navorsingsmeent is vir die meesters- en doktoralestudente van al drie kampusse beskikbaar sowel as vir alle navorsingspersoneel. Die honneursmeent is vir alle vierdejaar- en honneursstudente beskikbaar. Fisiese toegang tot die navorsingsmeent word deur middel van toegangsbeheer by die deure gereguleer, en toegang kan verkry word deur die persoon se NWU-kaart.

Artikels geskryf deur: Amanda Lourens, Elsa Esterhuizen, Hester Spoelstra, Louise Vos, Louw Venter en Suzette Coetzee
Redakteur: Elize van Eldik | E-pos: elize.vaneldik@nwu.ac.za | Tel: 018 285 2441